Verwysing: 20170127-7775
13/7/1/2
Navrae: AB Jantjies

Assesseringsbestuursminuut: 0003/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; Kurrikulumadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Praktiese Assesseringstake vir die 2017 Nasionale Senior Sertifikaat

1. Inleiding

1.1 Praktiese assesseringstake (PAT) is deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) opgestel in geselekteerde vakke.

1.2 Hierdie PAT word intern by skole geassesseer en dan ekstern gemodereer binne die provinsie.

2. Vakke wat 'n PAT insluit:

2.1 Landboubestuurspraktyk, Landboutegnologie

2.2 Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste

2.3 Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie

2.4 Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme

2.5 Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie

3. Assessering van die PAT

3.1 Aangeheg tot hierdie minuut is 'n kompakskyf wat die 2017 praktiese assesseringstake en die riglyne vir die praktiese assesseringstake bevat.

3.2 Die aangehegte PAT-riglyne moet verskaf word aan die betrokke vakonderwysers sodat hulle hierdie dokumente kan gebruik om te begroot en te beplan vir die implementering van hierdie assesserings gedurende die eerste drie kwartale van 2017.

3.3 Ondersteuning van die betrokke vak kurrikulumadviseurs en senior kurrikulumbeplanners sal verskaf word in die loop van die jaar. Skole moet daarom seker maak dat die betrokke onderwysers die distriksvergaderings wat oor die assessering en moderering van die praktiese assesseringstake gaan, bywoon.

4. Prinsipale en onderwysdistriksbeamptes word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van hulle personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-02-10